

HANDWERK

VERRUKLIKE HEKELWERK VIR RAGFYN AFRONDING

Hekel bly ten ene male 'n aangename tydverdryf wat jou nie laat los as hy eers sy houvas op jou gekry het nie! Kyk net hoe pragtig jy jou huis kan verfraai met die magdom lappies en rakrandjies, en jy kan 'n rok of wat 'n tikkie interessantheid gee met 'n kragie, strikversiering of kantafwerking. Stel ons patrone gerus op die proef – hulle is almal op die los patroonvel in dié uitgawe

in samewerking met BRASCH HOBBY, (011) 493-9100, en ONDORI-boeke

boektitels *Romantic Lace Designs*, *My Crochet Laces*, *Crochet Treasures*, *Gorgeous Crochet Laces for Interior Decoration* boeke is landwyd by alle handwerkwinkels beskikbaar



Van heel bo regs om: Patroon A: Ronde kraag; Patroon B: Kraag met valvorm; Patroon C: Kantstrook met harte; Patroon D: Blaarmotiefstrook; Patroon E: Kantstrook met gepunte rand; Patroon F: Kantstrook met skulprand; Patroon G: Strikversiering.

VERRUKLIKE HEKELWERK VIR RAGFYN AFRONDING

O kettingsteek	F dubbelslagsteek
X kortbeen	⋈ drielangbeentrossie
T halflangbeen	⋈ drielangbeengroep
F langbeen	⋈ drielangbeen-springmielisteek
● glipsteek	⊖ driekettingsteekpicot

(A) RONDE KRAAG

BENODIGDHEDE

Gemerceriseerde hekelgare nr. 50,
15 g wit; staalhekelpen van 0,75 mm.

MATE

Voltooi de kraag pas hals van 40 cm;
breedte 7,5 cm.

SPANNING

11lb = 0,3 cm.

AANWYSINGS

Begin met 269ks. Hekel 2 rye van *1ks.
1lb.

Knip gare af.

Heg gare weer vas en hekel 67 6ks-lse.
Hekel in netsteek met picots soos op
diagram aangedui.

10e-16e ry: soos op diagram, maar verminder aan weerskante.
Knip gare af.


OMRANDING

Heg gare aan halsrand van kraag vas.

1e ry: begin met 1kb en 'n 5ks-lus, hekel dan voort soos op diagram gesien kan word met *1kb, 10ks* tot einde, draai.

Laaste ry: *in vlg 10ks-ls hekel (2dsl, 1 3ks-picot) 8 keer, plus 2dsl, 1kb in middel van vlg 10ks-ls; herh tot einde. Knip gare af en werk netjies af.

DIAGRAM VIR KRAAG A



(F) KANT
SKL

BENODIGDHEDEN
DMC Cordonn
10 g wit; staalhe

MATE
Lengte 92 cm; b

(B) KRAAG MET VALVORM

BENODIGDHEDE

Gemergeriseerde hekelgare nr. 50,
20 g wit; staalhekelpen van 0,75 mm.

MATE

Voltooide grootte: om hals van 40 cm te
pas; breedte 7,5 cm.

SPANNING

11b = 0,3 cm.

AANWYSINGS

Begin met 273ks.

Hekel 2 rye van *1ks, 1lb.


Knip gare af.


Heg gare weer vas en hekel 135 4ks-
lusse.

Hekel 23 rye wat 18 patroonherhalings
bevat, soos op diagram aangedui.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb –
langbeen; hlb – halflangbeen; st(e) –
steek(steke); gs – glipsteek; dsl – dub-
belslagsteek; driesl – drieslagsteek;
3lb-gp – drielangbeengroep; 3ks-p –
driekettingsteekpicot; ls(e) – lus(se);
blk(s) – blokkie(s); sp(s) – spatie(s); fi-
let-st – filetsteek; herh – herhaal; grh –
gare rondom hekelpen; RK(VK) – reg-
te(verkeerde) kant van werk.





(C) KANTSTROOK MET HARTE

BENODIGHEDE

DMC Cordonnet-hekelgare nr. 60, 10 g wit; staalhekelpen van 0,60 mm.

MATE

Die strook is 92,5 cm lank en 4 cm breed.

SPANNING

7 sps = 2,3 cm; 26 rye = 10 cm.

AANWYSINGS

Begin met 22ks.
Werk in filetsteek, volgens diagram.
Herh 1e-6e ry 40 keer, dus 240 rye.
Hekel kb vir omranding; kyk op diagram om vas te stel wàar 2kb en waar 3kb geplaas moet word.

(D) BLAARMOTIEFSTROOK

BENODIGDHEDE

DMC Cordonnet-hekelgare nr. 60, 20 g wit; staalhekelpen van 0,60 mm.

MATE

Lengte 101 cm; breedte 6,5 cm.

SPANNING

14 sps = 4,5 cm; 25 rye = 10 cm.

AANWYSINGS


Begin met 43ks; hekel filetwerk soos aangedui op diagram.

Herh 1e-11e ry 23 keer om 253 rye te verkry.

Vermeer en vermin aan linkerkant. Knip gare ná 253e af.

Heg gare aan regterrand vas en hekel 1 driesl, 2ks om reguit rand af te rond.


Heg gare hier vas.



uourad 1 wron æu 11

ROOIROSE

**DIAGRAM VIR BLAARSTROOK
MET GEPUNTE RAND**



(E) RANDSTROOK MET GEPUNTE RAND

BENODIGDHEDE

DMC Cordonnet-hekelgare nr. 60,
10 g wit; staalhekelpen van 0.60 mm.

MATE

Voltooielengte 97,5 cm; breedte 3 cm.

SPANNING

22 rye = 10 cm; 7 sps = 2 cm.

AANWYSINGS

Begin met 22ks.

Volg diagram, hekel filetsteek; maak
springmieliebobbels van 5lb soos aan-
gedui.

Herh 1e-10e tot 212 rye voltooi is.


Hekel dan 1 rondte kb om eerste rondte
van omranding te vorm.

2e rondte: hekel skulp-pat van (6lb,
1kb) rondom.

Hekel 7lb in hoeke i.p.v. die gewone
6lb.

Dit voltooi die strook.

DIAGRAM VIR PYNAPPELRANDJIE



(F) KANTSTROOK MET SKULPRAND

BENODIGDHEDE

DMC Cordonnet-hekelgare nr. 60,
10 g wit; staalhekelpen van 0.60 mm.

MATE

Lengte 92 cm; breedte 2,5 cm.

SPANNING

1lb = 0,4 cm; 1 patroontjie = 4 cm.

AANWYSINGS

Begin met 10 ks, eindig met gs in 1e ks
om 'n ring te vorm.

1e ry: 3ks, 12lb in ring.

2e ry: 3ks, (1ks, 1lb) 12 keer.

3e-14e ry: volg diagram, hekel 5ks, 1kb
om pynappelpatroon te verkry.

Herh 1e-14e ry 23 keer tot 322e ry.

Knip gare af en heg netjies af.

(G) STRIKVERSIERING

BENODIGHEDE

DMC Cordonnet-hekelgare nr. 60, 10 g wit; staalhekelpen van 0,60 mm.

MATE

Lengte 103,5 cm; breedte 5 cm.

SPANNING

14 sps = 4,5 cm; 25 rye = 10 cm.

AANWYSINGS

Begin met 43 ks.

Hekel filetsteek, volg diagram.

Herh 1e-24e ry tot 257e ry voltooi is.

Hekel dan 'n rondte kb rondom, en 'n 2e rondte van glipsteke en 5ks-picots soos op diagram gesien kan word.

DIAGRAM VIR STRIKVERSIERING

